



# ACETA STAR<sup>®</sup> 46 EC

Reg. no. L9255 Act/Wet 36 of/van 1947  
N-AR 1394

An emulsifiable concentrate systemic, contact and stomach insecticide and acaricide for the control of pests in crops as indicated.

'n Emulgeerbare konsentraat insek- en mytdoder met sistemiese, kontak- en maagwerking vir die beheer van insekte in die aangeduide gewasse.

**IRAC INSECTICIDE GROUP CODE**

**4A & 3A**

**IRAC INSEKDODERGROEPKODE**

## ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL

Acetamiprid (neonicotinoids).....	16 g/l	.....Asetamipried (neonikotinoïed)
bifenthrin (pyrethroid).....	30 g/l	.....bifentrien (piretroïed)

## NET VOLUME/NETTO VOLUME

..... l

## REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

ADAMA South Africa (Pty.) Ltd.

Reg. no. 1992/001741/07

21 Viben Street

7560 Brackenfell

T: +27 21 982 1460 F: +27 21 982 5810

infocpt@adama.com

**ACETA STAR<sup>®</sup> is the registered trademark of company of the ADAMA GROUP.**

**ACETA STAR<sup>®</sup> is die geregistreerde handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**

## CONTACT IN EMERGENCY/KONTAK IN NOOD

Griffon Poison Information Centre: +27 82 446 8946

Tygerberg Poison Information Centre: +27 861 555 777

Batch number .....

Date of manufacture .....

Lotnommer

Datum van vervaardiging

UN no.: 1993



**HARMFUL  
SKADELIK**



## WARNINGS

**Withholding periods** (minimum number of days between last application and harvest or grazing):

<b>Cotton</b> .....	28 days
<b>Potatoes</b> .....	21 days
<b>Tomatoes</b> .....	5 days
<b>Tree nuts</b> .....	28 days
(Almonds, cashews, chestnuts, hazelnuts, macadamia nuts, pecan nuts, pistachio nuts, walnuts, Brazil nuts, pine nuts)	

**Export crops:** The local maximum residue levels (MRLs) will not be exceeded if **ACETA STAR® 46 EC** is used according to the label instructions. However, ADAMA South Africa (Pty) Ltd cannot be held responsible if export MRLs are exceeded. The local export marketing bodies must be consulted regarding application timing, withholding periods and specific tolerances of countries where produce will be exported to.

- Handle with care.
- Harmful if swallowed or inhaled.
- Irritating to eyes and skin.
- Toxic to aquatic organisms.
- **Flammable** – do not store or use near open flames.
- Store in a cool, dry place away from away from food, feedstuffs, seed, and fertilizers.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry:** Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **Safety to crops:** Under normal growing conditions, **ACETA STAR® 46 EC** is safe to all common cultivars as no noticeable phytotoxicity such as yield loss has been observed. Do not apply **ACETA STAR® 46 EC** to newly released cultivars, without first referring to the registration holder.

**Although this remedy has been extensively tested under a variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and efficacy of the product may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the pest against the remedy concerned, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to humans or animals, or for lack of performance of the remedy concerned due to the failure of the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

## PRECAUTIONS

- Avoid inhaling the spray mist.
- Avoid contact with skin and eyes.
- Wear a face shield, boots, and gloves when handling the undiluted product.

- Remove contaminated clothing and wash daily.
- Wash immediately with soap and cold water after accidental skin contact.
- In case of eye contact, hold eyelid open and wash out with clean running water for at least 15 minutes.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying this product or before hands and face have been washed.
- Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or areas not under treatment.
- Invert the empty container over the mixing tank or spray tank and drain for at least 30 seconds after the flow has been reduced to a drip. Thereafter rinse the empty container at least three times with a volume of water equal to at least 10 % of that of the container. Add the rinsate into the spray tank.
- Destroy empty container by perforation and flattening and NEVER use for any other purpose.
- Clean the applicator thoroughly after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, rivers or dams.
- Avoid contamination of food, feedstuffs, drinking water and eating utensils.

**Symptoms of human poisoning:** May be irritating to mucous membranes, eyes and skin. Inhalation may cause coughing, shortness of breath, bronchospasm, chemical pneumonitis and lung oedema. Ingestion may cause nausea, vomiting, stomach ache and diarrhea.

#### **FIRST AID TREATMENT**

**Inhalation:** Remove victim to fresh air and keep him/her warm and at rest. If breathing is difficult give oxygen. If not breathing give artificial respiration. Get medical attention.

**Ingestion:** Do not induce vomiting. Wash out mouth with water. Get medical attention if necessary.

**Skin contact:** Take off contaminated clothing and wash off with plenty of cold water and soap. If necessary, get medical attention.

**Eye contact:** Wash out with clean running water for at least 15 minutes. Get medical attention if necessary.

#### **NOTE TO PHYSICIAN**

There is no specific antidote. If ingested perform gastric lavage and administer activated charcoal. Treat symptomatically and give supportive therapy.

#### **RESISTANCE WARNING**

For the purpose of resistance management, **ACETA STAR® 46 EC** is classified as an IRAC group code 4A/3A insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **ACETA STAR® 46 EC** and other group code 4A/3A insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **ACETA STAR® 46 EC** or any other group code 4A/3A insecticide.

To delay insecticide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of insecticides from the same insecticide group code. Alternate or tank-mix with products from different insecticide group codes.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

## USE RESTRICTIONS

- **Cotton and tree nuts:** Do not apply more than 2 applications per growing season.
- **Potatoes:** Do not apply more than 6 applications per growing season
- **Tomatoes:** Do not apply more than 4 applications per growing season.
- Alternate **ACETA STAR® 46 EC** with a registered product from a different chemical group. Avoid using **KOHINOR® 350 SC** or any other formulations of IMIDACLOPRID in an **ACETA STAR® 46 EC** spray programme, as these are chemically related.
- Avoid using **ACETA STAR® 46 EC** on plants that are under stress conditions caused by drought, nematodes and water logging conditions etc. since this will affect the systemic uptake, translocation and chemical activity of the product.
- Avoid spraying **ACETA STAR® 46 EC** on plants covered with dust as dust interferes with the proper uptake of product and contact with insect.

## DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

### Compatibility

The compatibility of **ACETA STAR® 46 EC** with other products may be influenced by the formulation of the product(s) it is mixed with as well as the quality of the dilution water. Since the formulation of other products may change without the knowledge of ADAMA and the quality of the water may differ from farm to farm, a physical compatibility test should always be carried out prior to application. For applications on potatoes, use **ACETA STAR® 46 EC** in conjunction with **MCW EOS** oil to improve efficacy is recommended.

### Mixing instructions

Half fill the spray tank with clean water. Add the required quantity of **ACETA STAR® 46 EC** to a small amount of water and mix thoroughly before it is added to the spray tank while agitating. If **ACETA STAR® 46 EC** is tank mixed with other products, first mix these products separately with water before it is added to spray tank. Add water to just below the required capacity and then add the premixed **ACETA STAR® 46 EC** to the spray tank while continuously agitating the spray mixture. Add **MCW EOS** oil last (where applicable). Fill the spray tank with water to the required level while continuously agitating. Refer to the labels of the products which will be tank mixed with **ACETA STAR® 46 EC** and adhere to the label instructions. Only mix enough spray mixture sufficient for one day's spraying. Spray mixture should not be allowed to stand overnight.

## APPLICATION

**ACETA STAR® 46 EC** can be applied by any suitable medium or high volume spray equipment provided it is equipped with an efficient agitation system, it is able to distribute the spray mixture evenly over the target area and it is calibrated correctly.

### Cotton (general instructions)

For the control of red spider mite on cotton, ensure thorough wetting of the cotton plant including the undersides of the leaves. Determine the red spider mite population index by weekly scoutings. Examine 48 plants per 15 hectare. Choose 3 leaves per plant, one from the middle and two from the upper portion.

Count the number of adult females on these three leaves and allocate one of the following values to the total:

0 mite	=	0
1–10 mites	=	1
11–20 mites	=	2
> 31 mites	=	3

The population index is then calculated by adding up the values obtained for the 48 plants and dividing the sum total by 48. Commence application if the population index has reached a value of 1.0. Repeat application as soon as any marked increase in the population index is noticed. Control must be aimed in keeping the population index below the spray threshold of 1.0.

## APPLICATION RATES

CROP AND TARGET	DOSAGE	REMARKS
<b>Cotton</b> Red spider mite ( <i>Tetranychus spp.</i> )	1.0 L/ha	Commence application as soon as the population index value reaches the 1.0 level. Do not delay application until high infestation levels are reached. Apply as full cover spray. Repeat application within 10 days after initial application. Ensure thorough wetting of the cotton plant including the undersides of the leaves. Do not apply more than 2 sprays per growing season. Use 200–400 L water per hectare depending on plant height.
Aphid ( <i>Aphis gossypii</i> )	1.0 L/ha	Commence application as soon as pest is noticed before pest count is above economic threshold. Apply in 200–400 l water per hectare depending on plant height. Ensure good coverage of the plants. A second application might be necessary 7–10 days later. This application will also control leaf hopper or Jassid ( <i>Jacobiella fascialis</i> ).
<b>Potatoes</b> Aphid ( <i>Myzus persicae</i> )	1.0 L/ha	Commence application as soon as the pest is noticed. Repeat 10–14 days later when necessary. Apply in 250–500 l water per hectare depending on plant size. Addition of a suitable wetter such as <b>MCW EOS</b> oil at 0.5 % is recommended.
Tuber moth ( <i>Phthorimaea operculella</i> )	1.5/ha	Commence spraying when plants are approximately one month old at first signs of infestation and repeat at 10–14 day intervals. Apply in 250–500 L water per hectare depending on plant size. Addition of a suitable wetter such as <b>MCW EOS</b> oil at 0.5 % is recommended.

CROP AND TARGET	DOSAGE	REMARKS
<p><b>Tomatoes</b></p> <p>Red Spider Mite (<i>Tetranychus spp.</i>)</p> <p>Whiteflies (<i>Bemisia tabaci</i>, <i>Trialeurodes vaporariorum</i>)</p> <p>African bollworm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>1.0/ha</p> <p>1.0/ha</p>	<p>Commence application at flowering at first signs of infestation. Use 300–500 L spray mixture per hectare depending on plant size. Ensure thorough coverage of the plant including the undersides of leaves. Repeat application 7–10 days after initial spray. Do not apply more than 4 applications per growing season.</p> <p>Commence application at flowering or at first signs of infestation. Ensure thorough coverage of the plant including the leaves, flowers and fruit. Repeat application every 7–10 days if necessary. Do not apply more than 4 applications per growing season.</p>
<p><b>Tree nuts</b> (Almonds, cashews, chestnuts, hazelnuts, macadamia nuts, pecan nuts, pistachio nuts, walnuts, Brazil nuts, pine nuts)</p> <p>False codling moth (<i>Thaumatotibia leucotreta</i>)</p> <p><b>(Emergency registration)</b></p>	<p>150 ml/100 L water</p>	<p>Apply as a full cover spray to the point of run-off. Monitor for the pest and start application when the first signs of pest presence are observed. Apply at intervals of 7–10 days. To avoid the development of resistance, apply as part of an integrated pest management strategy.</p> <p>Do not exceed 2 applications per growing season.</p> <p><b>Emergency registration:</b> Please note that when a product has been approved for the purpose of emergency registration, it is still under evaluation with regard to efficacy, selectivity and behaviour of residues in the particular crop. Environmental and human safety data have already been evaluated and approved at initial registration of the product.</p>

**MCW EOS (L7954) is a trademark of a company of the ADAMA GROUP.**

## WAARSKUWINGS

**Onthoudingsperiodes** (minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes of beweiding):

<b>Aartappels</b> .....	21 dae
<b>Boomneute</b> .....	28 dae
(Amandels, kasjoeneute, haselneute, makadamianeute, pekanneute, pistasieneute, okkerneute, Brasiliaanse neute, dennepitte)	
<b>Katoen</b> .....	28 dae
<b>Tamaties</b> .....	5 dae

**Uitvoergewasse:** Die plaaslike maksimum residuvlakke (MRV's) sal nie oorskry word nie indien **ACETA STAR® 46 EC** volgens etiketaanbevelings gebruik word. ADAMA South Africa (Pty) Ltd kan egter nie verantwoordelik gehou word indien uitvoer-MRV's oorskry sou word nie. Skakel die plaaslike uitvoerorganisasies rakende tyd van toediening, onthoudingsperiodes en spesifieke toleransievereistes van lande waarheen produkte uitgevoer gaan word.

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingesluk of ingeasem word.
- Irriterend vir oë en vel.
- Giftig vir waterorganismes.
- **Vlambaar** – moet nie naby vlamme gebruik of stoor nie.
- Stoor in 'n koel, droë plek weg van van voedsel, voer, saad, en misstowwe.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding:** Moet nie behandelde gebied binnegaan voordat die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende klere gedra word.
- **Gewasveiligheid:** Onder normale groeitoestande is **ACETA STAR® 46 EC** veilig vir gebruik op alle algemene kultivars aangesien geen betekenisvolle fitotoksisiteit soos oesverlies al waargeneem is nie. Moet nie **ACETA STAR® 46 EC** op nuut vrygestelde kultivars gebruik nie voordat die registrasiehouer eers geraadpleeg is nie.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mense of diere of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS

- Vermy inaseming van die spuitnewel.
- Vermy kontak met die vel en oë.

- Dra 'n gesigskerm, skoene en handskoene wanneer die onverdunde produk hanteer word.
- Trek besoedelde klere uit en was daagliks.
- Was onmiddellik met seep en koue water indien per ongeluk in kontak met die vel kom.
- In geval van oogkontak, hou die ooglid oop en spoel die oë dadelik uit met skoon lopende water vir ten minste 15 minute.
- Moet nie eet, drink of rook gedurende vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermy dat die spuitnewel oor ander gewasse, weiding, riviere, damme of gebiede wat nie onder behandeling is nie, wegdryf.
- Keer die leë houër om oor die spuit of mengtenk en laat dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houër drie keer uit met 'n volume water wat minstens gelykstaande is aan 10 % van die volume van die houër. Voeg die spoelwater in die spuittenk.
- Vernietig die leë houër deur gate daarin te maak en plat te druk en moet dit NOOIT vir geen ander doel gebruik nie.
- Maak die toediener deeglik skoon na gebruik en gooi die spoelwater weg waar dit nie gewasse, riviere of damme sal besoedel nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**Simptome van menslike vergiftiging:** Mag irritasie van slymvliese, vel en oë veroorsaak. Inaseming kan hoes, kortasem, brongiale spasmas, chemiese longontsteking en longedeem veroorsaak. Inname mag mislikheid, braking, maagpyn en diarree veroorsaak.

## NOODHULP BEHANDELING

**Inaseming:** Verwyder pasiënt na vars lug en hou hom/haar warm en rustig. Indien asemhalingsnood voorkom moet suurstof toegedien word. Indien asemhaling staak moet kunsmatige asemhaling toegepas word. Kry mediese hulp.

**Inname:** Moet nie braking indukseer nie. Was mond uit met water. Indien nodig kry mediese hulp.

**Velkontak:** Trek besoedelde klere uit en was af met groot hoeveelhede water en seep. Indien nodig kry mediese hulp.

**Oogkontak:** Was uit met skoon lopende water vir ten minste 15 minute. Indien nodig kry mediese hulp.

## NOTA AAN GENEESHEER

Geen spesifieke teenmiddel is beskikbaar nie. Indien ingesluk moet maag uitgespoel word en geaktiveerde koolstof toegedien word. Behandel simptome met ondersteunende terapie.

## WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir die doel van weerstandsbestuur word **ACETA STAR® 46 EC** as 'n IRAC groeppkode 4A/3A insekdoder geklassifiseer. Enige insekbevolking mag individue bevat wat 'n natuurlike weerstand teen **ACETA STAR® 46 EC** en ander groeppkode 4A/3A insekdoders het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die insekbevolking oorheers as hierdie insekdoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende insekte mag dalk nie deur **ACETA STAR® 46 EC** of ander groeppkode 4A/3A insekdoders beheer word nie.



Om insekweerstand te vertraag:

- Vermy die uitsluitlike herhaalde gebruik van insekdoders van dieselfde insekdodergroep-kode. Wissel af, of gebruik in tenkmengsels met middels van ander groepkodes.
- Integreer beheermetodes (chemiese, bewerking, biologies) in insekbeheerprogramme.

Vir meer spesifieke inligting rakende weerstandsbestuur, skakel die registrasiehouer van hierdie produk.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- **Aartapples: Moet nie** meer as 6 toedienings per groeiseisoen toedien nie.
- **Katoen en boomneute: Moet nie** meer as 2 toedienings per groeiseisoen toedien nie.
- **Tamaties: Moet nie** meer as 4 toedienings per groeiseisoen toedien nie.
- Wissel **ACETA STAR® 46 EC** af met 'n geregistreerde produk uit 'n ander chemiese groep. Vermy die gebruik van KOHINOR® 350 SC of enige ander formulerings van IMIDAKLOPRIED in 'n **ACETA STAR® 46 EC** spuitprogram, aangesien hulle chemies verwand is.
- Moet nie **ACETA STAR® 46 EC** op plante toedien nie wat onder stremming verkeer veroorsaak deur droogte, aalwurms, versuiptoestande ens. aangesien dit die sistemiese opname, vervoer en chemiese aktiwiteit van die produk sal beïnvloed.
- Moet nie **ACETA STAR® 46 EC** op plante wat met stof bedek is spuit nie aangesien die stof sal inmeng met die opname van die produk asook swak die kontak met die insek veroorsaak.

## GEBRUIKSAANWYSINGS

**Gebruik slegs soos aangedui.**

### Verenigbaarheid

Die verenigbaarheid van **ACETA STAR® 46 EC** met ander produkte kan beïnvloed word deur die formulering van daardie produk(te) en die kwaliteit van die verdunningswater. Aangesien die formuleringe van produkte kan verander sonder ADAMA se medewete en die waterkwaliteit van plaas tot plaas kan verskil, is dit altyd raadsaam om eers 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen voor bespuiting plaasvind. Vir toediening op aartappels word dit aanbeveel dat **ACETA STAR® 46 EC** saam met **MCW EOS** olie gebruik word om die effektiwiteit te verbeter.

### Vermenging

Vul die spuittenk halfvol met skoon water. Meng die benodigde hoeveelheid **ACETA STAR® 46 EC** vooraf apart met 'n klein hoeveelheid water en voeg in die tenk terwyl geroer word. Wanneer tenkmengsels met ander produkte gemaak word, moet hierdie produkte eers afsonderlik met water gemeng word en eerste in die spuittenk gevoeg word. Voeg nou water by tot net onder die verlangde kapasiteit en voeg nou die vooraf gemengde **ACETA STAR® 46 EC** by terwyl voortdurend geroer word. Voeg **MCW EOS** olie laaste by (waar van toepassing). Vul nou die spuittenk met water tot die verlangde vlak terwyl voortdurend geroer word. Verwys na die etikette van die produkte wat met **ACETA STAR® 46 EC** gemeng gaan word en kom die etiketvoorskrifte na. Meng net genoeg spuitmengsel vir 'n dag se gebruik. Moet nie die spuitmengsel oornag laat staan nie.

## TOEDIENING

**ACETA STAR® 46 EC** kan deur middel van enige medium of hoë volume spuitapparaat toegedien word mits dit met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is, dit die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied kan versprei en dit korrek gekalibreer is.

## Katoen (algemene aanwysings)

Vir die beheer van roospinmyt op katoen moet die blare van die katoenplante deeglik benat word. Dit sluit die onderkant van die blare in. Bepaal die roospinmyt populasie-indeks met behulp van weeklikse verkennings. Onderzoek 48 plante per 15 hektaar. Kies 3 blare per plant, een van die middel en twee aan die bokant van die plant. Tel die aantal volwasse wyfies op hierdie drie blare en ken een van die volgende waardes aan die totaal toe:

0 myte	=	0
1–10 myte	=	1
11–20 myte	=	2
> 31 myte	=	3

Die populasie-indeks word nou bereken deur die waardes verkry vir die 48 plante bymekaar te tel en die somtotaal deur 48 te deel. Begin toedien sodra die populasie-indeks 'n waarde van 1.0 bereik het. Herhaal die toediening sodra daar 'n merkbare toename in die populasie-indeks waargeneem word. Beheer moet daarop gemik wees om die populasie-indeks onder die spuitdrempelwaarde van 1.0 te hou.

## TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Aartappels</b> Plantluise ( <i>Myzus persicae</i> )	1.0 L/ha	Dien toe sodra die plaag opgemerk word en herhaal toediening na 10–14 dae wanneer nodig. Dien toe in 250–500 L water per hektaar afhangende van die grootte van die plante. Die byvoeging van 'n geskikte benatter soos <b>MCW EOS</b> olie teen 0.5 % word aanbeveel.
Aartappelmot ( <i>Phthorimaea operculella</i> )	1.5 L/ha	Dien toe wanneer die plante ongeveer 1 maand oud is en sodra die plaag opgemerk word. Herhaal toediening met 10–14 dae tussenposes. Dien toe in 250–500 L water per hektaar afhangende van die grootte van die plante. Die byvoeging van 'n geskikte benatter soos <b>MCW EOS</b> olie teen 0.5 % word aanbeveel.

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
<p><b>Boomneute</b> (Amandels, kasjoeneute, haselneute, makadamianeute, pekanneute, pistasieneute, okkerneute, Brasiliaanse neute, dennepitte)</p> <p>Valskodlingmot (<i>Thaumatotibia leucotreta</i>)</p> <p><b>(Noodregistrasie)</b></p>	150 ml/100 L water	<p>Dien as 'n voldekbespuiting toe, tot by die begin van afloop. Monitor vir die plaag en begin toediening sodra die eerste tekens van die plaag waargeneem word. Dien teen intervalle van 7 tot 10 dae toe. Om die ontwikkeling van weerstand te verhoed, dien toe in 'n geïntegreerde plaagbestuurprogram.</p> <p>Moet nie meer as 2 toedienings per groeiseisoen toedien nie.</p> <p><b>Noodregistrasie:</b> Let daarop dat wanneer die gebruik van 'n produk vir die doel van noodregistrasie goedgekeur is, dit steeds geëvalueer word vir effektiwiteit, selektiwiteit, en die gedrag van residue in die spesifieke gewas. Omgewings- en menslike veiligheidsdata is reeds geëvalueer en goedgekeur by die aanvanklike registrasie van die produk.</p>
<p><b>Katoen</b> Rooispinmyt (<i>Tetranychus spp.</i>)</p> <p>Plantluis (<i>Aphis gossypii</i>)</p>	<p>1.0 L/ha</p> <p>1.0 L/ha</p>	<p>Begin toediening sodra die populasie-indeks die waarde van 1.0 bereik. Moenie toediening uitstel tot hoë besmettingsvlakke bereik word nie. Dien toe as 'n volle dektoediening. Herhaal toediening binne 10 dae na die eerste toediening. Die katoenplante, insluitend die onderkant van die blare, moet deeglik benat word. Moet nie meer as 2 bespuitings per groeiseisoen toedien nie. Dien toe in 200–400 L water per hektaar, afhangende van die hoogte van die plante.</p> <p>Dien toe sodra die plaag opgemerk word voordat die pes telling die ekonomiese-drempelwaarde bereik. Dien toe in 200–400 L water per hektaar, afhangende van die hoogte van die plante. Verseker goeie bedekking van die plante. 'n Tweede toediening mag 7–10 dae later nodig wees. Hierdie toediening sal ook katoenblaarspringer (<i>Jacobiella fascialis</i>) beheer.</p>
<p><b>Tamaties</b> Rooispinmyt (<i>Tetranychus spp.</i>)</p> <p>Witvlieg (<i>Bemisia tabaci</i>; <i>Trialeurodes vaporariorum</i>)</p>	1.0 L/ha	<p>Dien toe by blom sodra die eerste tekens van die plaag waargeneem word. Gebruik 300–500 L spuitmengsel per hektaar afhangende van die hoogte van die plante. Verseker goeie bedekking van die plante, insluitend die onderkant van die blare. Herhaal toediening 7–10 dae na die aanvanklike toediening. Moet nie meer as 4 toedienings per groeiseisoen toedien nie.</p>

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Tamaties (vervolg)</b> Afrika bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i>	1.0 L/ha	Dien toe by blom of sodra die eerste tekens van die plaag waargeneem word. Maak seker dat die plante, insluitend blare, blomme en vrugte, deeglik bedek word. Herhaal toedienings elke 7–10 dae indien nodig. Moet nie meer as 4 toedienings per groeiseisoen toedien nie.

**MCW EOS (L7954) is die handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**